

CHRISTENSKAP

in die werkplek

—deur David Malherbe

Bring die Koning terug

Hoekom moet ons oor Christenskap in die werkplek besin? Ons almal weet tog dat Christenskap in die kerk en nie by die werkplek hoort nie. Of is dit juis waar ons dit mis het? 'n Bietjie geskiedenis kan ons die regte perspektief gee.

Volgens Genesis 1 en 2 is ons God se verteenwoordigers op aarde. Genesis 2:15 sê: "Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas." God het die mens gemaak om te werk. Hy het 'n plan van die werk wat Hy op die aarde uitgevoer wil hê en ons is Sy verteenwoordigers wat dit vir Hom moet doen – Sy hande en voete.


Mettertyd is God egter al hoe meer op die agtergrond geskuif. 'n Besonder sterk aanslag teen die Christelike wêreld- en lewensbeskouing het gedurende die 17de eeu in Europa en Amerika posgevat en vind steeds neerslag in ons waardestelsels.

Tot 1700 was ekonomiese wêreldwyd hoofsaaklik landbougerig met groot klem wat gelê is op die lewe in die Hiernamaals. Ná 1700 het daar egter 'n denkrevolusie plaasgevind wat as die "Verligting" bekend-

gestaan het. Denkers en filosowe soos Voltaire, Diderot, Holbach en ander het gepoog om radikaal weg te breek van godsdienstige en tradisionele waardes. Die klem het verskuif na die lewe hierdie kant van die graf na aanleiding van die "verligte" denkers se standpunt dat daar net één lewe is en dit is hier en nou. Hulle het geglo die mens is inherent goed en dat die lewe volkome "verwêrelds" of gesekulariseer moes word.

Dit het bygedra tot 'n byna grenslose geloof in die vermoë van die mens en was veral gewild in Franse intellektuele kringe op die vooraand van die Franse Revolusie rondom 1790. Dit was ook toe die Industriële Revolusie in Brittanje begin het. Christelike leerstelsels is (soos vandag) as mites en feëverhale voorgelê.

Tog reken Os Hillman in 'Change Agent' dat lande in Europa en



Skeiding tussen kerk en werk – Die GRIEKSE filosofie van Dualisme

- Die Grieke het geestelike aangeleenthede (asook denke en filosofie) in die boonste van twee vlakke bekend as "vorm" geplaas
- Die laer vlak "materie" was aangeleenthede wat verband hou met die tydelike en fisiese soos besigheid en geldmaak. Enige sekulêre werk sorteer hieronder
- Dit is een van die redes waarom daar beweer word dat jou Christenskap niks met jou werk te make het nie
- Hiervolgens sou iemand in 'n sekulêre werk wat God in sy / haar beroep wil dien, moet bedank om die voltydse bediening te betree



Die HEBREEUSE benadering

- Die regte sienswyse vir gelowiges is egter die Hebreëuse benadering waarvolgens beide die geestelike en die natuurlike (wat werk insluit) een entiteit onder God se hand vorm.
- Hiervolgens is werk 'n manier om die Here te dien. Sekulêre werk is net so aan God gewy soos geestelike werk



Christelike oorsprong van universiteite (Brittanje, Amerika en Suid-Afrika)

- **Cambridge 1209** – Geleë in "Trinity Lane"
- **Oxford 1214** – Leuse – "The Lord is my light"
- **Harvard 1636** – Het aanvanklik hoofsaaklik op die opleiding van leraars en geestelike werkers gefokus. Die studentegemeenskap en kurrikulum is geleidelik gedurende die 18de eeu gesekulariseer
- **Yale 1701** – Gestig met die doel om predikante en politieke leiers op te lei
- **Princeton 1746** – Leuse – "Under the protection of God she flourishes"
- In Suid-Afrika het beide die **Universiteite van Stellenbosch en Potchefstroom** hul ontstaan te danke aan die stigting van sentrums vir die opleiding van predikante

Wat kan ek in my besigheid vir God se koninkryk doen?

- Bid en vra God se leiding
- Verander jou denke, sodat jou dade ook kan verander. "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." (Rom 12:2)
- Dit is Sy besigheid en nie my besigheid nie (Ps 24:1)
- Ons optrede is ons vernaamste getuienis. Dit bepaal die invloed van ons woorde (Jak 2:17)
- Volg God se riglyne eerder as jou eie planne (1 Kor 3:19)
- By God is diens (gemotiveer deur liefde) belangriker as geld (Matt 6:33)
- Wat kan ek gee, eerder as hoe kan ek voordeel hieruit trek (Hand 20:35)
- Sien dit wat jy ontvang as 'n gawe van Bo eerder as: "Ek verdien dit" (Jak 1:17)
- Help ander eerder as om net vir jouself te leef (Fil 2:3)
- Wees tevrede en moenie voortdurend stres of kla nie (Fil 4:11)
- Wees geduldig; moenie angstig raak nie (Jes 41:10)
- Vertrou op God eerder as om 'n ja-brouer te wees (Jer 17:5-8)

Noord-Amerika hul ekonomiese sukses grootliks te danke het aan die leringe van hervormers soos Luther en Calvin. Volgens hom het veral Calvin die Bybel bestudeer om ekonomiese beginsels te verstaan wat in die besigheidswêreld van toepassing was. Van sy beginsels is vier eeue lank in Switserland gevolg en het grootliks tot die land se ekonomiese voorspoed bygedra wat dit van 'n arm nasie in 'n baie voorspoedige een verander het.

God se plan het nie verander nie. Ons is steeds Sy verteenwoordigers wat ons arbeid in die eerste plek vir Hom moet verrig. (Kol 3:23). Ons het egter toegelaat dat die wêreld se gesekulariseerde agenda en waardes ons skole en werkplekke hulle Christelike karakter ontnem het. Daarom is dit nodig om te herbesin oor wat die Woord oor werk en besigheid leer.

DAVID MALHERBE besigheids- en loopbaanconsultant, spreker en skrywer. Kontak hom by info@jedidiah.org.za of besoek www.jedidiah.org.za

